# Die Oorsprong van ons Straatname

III.

Elders in hierdie uitgawe verskyn enige opmerkings van mnr. R. Peacock na aanleiding van die straatname wat reeds in hierdie rubriek bespreek is. Dit word baie waardeer, net soos die gegewens wat deur mnr. H. P. H. Behrens en mnr. C. J. Beanes in die vorige uitgawe (Deel 1 nrs. 3/4) verstrek is.

Hier volg 'n verdere behandeling van die straatname van Pretoria-Sentraal in alfabetiese volgorde.

**Jacob Marestraat:** Jacob Mare was een van drie broers, Voortrekkers, wat vanuit Natal na Transvaal verhuis het. Hy was nog in die slag van Bloedrivier. Die ander broers was Dietlof Siegfried Mare, die bekende landdros van Soutpansberg, en Frederik Korsten Mare. Jacob Mare was 'n kleurvolle figuur. Hy het lid van die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Republiek geword en was ook bekend as Jors Voeter, omdat hy so kwaai kon spook om sy mening deur te druk. Sy dogter Sarie was die Sarie Marais (die spelling van die van is willekeurig verander) wat deur M. T. Toerien in die bekende lied van die naam besing word. (Informasie van mnr. D. S. van Warmelo).

**Loopstraat:** Geen verklaring vir die naam het ingekom nie. Moontlik is dit maar 'n toevallige benaming na aanleiding van die talryke **loopstrate** in ons land.

**Margarethastraat:** Volgens inligting deur ons ingewin is die straat na Margaretha van Tulleken genoem, maar volgens die herinneringe van mnr. C. Morgan (Pretoriana, Deel 1, nrs. 3/4, p. 31) heet die straat na Margaretha de Waal, 'n lid van die De Waal-familie wat in Boomstraat net oorkant die Dieretuin gewoon het. **De Waalstraat** heet dan ook na haar vader.

**Minnaarstraat** heet na J. C. Minnaar, registrateur van aktes in die dae van die Republiek. In die **Eeufees-album** van Pretoria, p. 24, verskyn hy op 'n portret saam met 'n groep amptenare.

**Paleisstraat:** Hierdie straat was eers bekend as **Court Lane** en het na die bou van die Paleis van Justisie die huidige naam gekry. (Vgl. J. H. Davies, The Origin of Palace Street, Pretoriana Deel 1, nr. 1).

**Parlementstraat:** Hierdie straat loop langs die Raadsaal verby; vandaar die naam.

**Pierneefstraat:** heet na die vader van mnr. J. H. Pierneef die bekende kunsskilder. Hy was 'n timmerman van beroep en het die preekstoel vir die Gereformeerde Kerk, tans in die ou Museum, Boomstraat, gemaak. Volgens mnr. Morgan, in die artikel hierbo genoem, het die Pierneefs ook in Boomstraat naby die Dieretuin gewoon en die woning het die naam **Prinshof** gedra.

**Potgieterstraat** heet na die bekende Voortrekker kommandant Andries Hendrik Potgieter of na die Potgieter-familie as geheel. Die gegewens loop uiteen. Graag sal ons meer hieroor verneem.

**Pretoriusstraat:** Ook hieroor is die inligting verskillend. Die straat heet òf na president M. W. Pretorius, òf na die Pretorius-familie. Nader inligting hieroor sal ook verwelkom word.

**Princess Parklaan:** Die naam staan waarskynlik in verband met **Princess Park.** Graag verneem ons van een of ander leser iets oor die oorsprong van die naam en die geskiedenis van die park.

**Prinshofstraat:** Volgens ingewonne inligting het die grond aan J. Prinsloo behoort. Vandaar die naam. Is dit dieselfde terrein wat later deur mnr. Pierneef bewoon is soos hierbo aangegee?

**Proesstraat** is genoem na dr. adv. B. C. E. Proes wat staatssekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek na J. H. Visagie geword het. Hy moes saam met pres. M. W. Pretorius bedank as gevolg van die Keate-uitspraak.

**Queenstraat** heet moontlik na koningin Victoria of die naam staan in verband met die ou Queenshotel wat in die straat was. Die gebou, een van die oudstes, het tot onlangs nog daar gestaan.

**Readlaan** heet na Ralf Read, 'n handelaar wat ook lid van die Transvaalse Provinsiale Raad geword het.

**Rhodeslaan** heet waarskynlik na die bekende Cecil John Rhodes.

**Rider Haggardstraat:** Soos bekend het Rider Haggard, die bekende skrywer, 'n tydlank in Transvaal gewoon tydens die bewind van Shepstone, as registrateur van die hooggeregshof onder sir John Kotze. Hy het in 1875 na Natal gekom as sekretaris van sir Henry Bulwer, luitenant-goewerneur van Natal. Daarna het hy Shepstone na Transvaal vergesel en verlaat die gebied weer saam met hom in 1879. (Sir John Kotze, Biographical Memoirs and Reminiscences, pp. 523, 527, 528).

**Riverdale-laan** is in die buurt van die Apiesrivier.

F. J. du T. Spies.